**BID DAT GOD JOU OË SAL OPEN OM SY KRAG EN MAG TE SIEN**

**Lees: 2 Konings 6: 8 – 23 Teks: 2 Konings 6: 16 - 17**

Ons lewe in baie moeilike ekonomiese en politiese omstandighede. As daar met mense gepraat word, dan is daar baie negatiewe woorde wat uit baie mense se monde kom. Die rede? Niemand sien enigiets positief raak nie. Almal konsentreer op die negatiewe en slegte dinge in die lewe.

Die rede hiervoor is dat daar vrees is. Daar is vrees oor veranderings wat plaasvind, daar is vrees omdat elkeen iets van ‘n onsekerheid beleef. Daar is vrees oor die pad wat voorlê. Nou die die vraag hoe moet nou gemaak word? Met watter oë word daar gekyk na jou omstandighede?

Ons beleef in ons voorgelese gedeelte dat die Koning van Aram oorlog voer teen die Israeliete (10 stamme ryk). Aram was die land noord van Israel geleë. Sy probleem was dat elke keer as hy hulle wil aanval dan het hulle presies geweet wat sy bewegings was.

Nadat hy navraag gedoen het, het sy raadgewers hom laat weet dat die skuld by Elisa lê. Hy was die profeet wat in daardie tyd in Israel opgetree het. Hy besluit toe om iemand te stuur om Elisa te vang. Die leër van die koning van Aram het na Dotan gegaan om Elisa te vang.

Die een môre toe Elisa se slaaf uit die tent kom toe sien hy hierdie groot menigte soldate wat daar was om Elisa te vang. Hulle was omring deur soldate. Hy het bang geword en Elisa in kennis gestel van wat hy sien. Hy is bang vir die onbekende, en vrees dat hulle binnekort gaan sterf. Hy sien al die ooglopende dinge raak.

Ons lewens is ook so. Ons staar ons elke dag vas teen die ooglopende dinge. Ons sien die negatiewe en onplesierige dinge raak en dit kan baie van ons depressief maak en terneergedruk.

Maar Elisa word nie kwaad of negatief nie. Inteendeel hy bemoedig sy dienskneg. Hy sê vir hom: Die wat by ons is, is meer as wat hulle is. Toe bid hy dat die Here sy slaaf se oë oopmaak.

Die slaaf sien toe nie net die Arameërs raak nie, maar toe sien hy hoedat hulle omring is met perde en strydwaens van vuur. Nog verder het hy gebid dat die Arameërs met blindheid geslaan word. Toe hulle wou aanval het Elisa hulle oortuig dat hulle op die verkeerde pad was en hulle gelei na Samaria toe. Samaria was die hoofstad van Israel.

Daar is hulle oë oop en is hulle binne in Samaria. Hulle was nou gevangenes van die koning van Israel. Hy wou hulle doodmaak maar Elisa het hom afgeraai. Inteendeel hy het aanbeveel dat

hulle eerder gevoed word en weer teruggestuur word na hulle land toe. Hulle het nie weer in opstand teen die Israeliete gekom nie.

Wat het hier gebeur. Toe Elisa bid het sy slaaf se oë oopgegaan en kon hy sien dat hulle nie alleen was nie. Die krag en bystand van die Here was duidelik sigbaar deur die perde en strydwaens van vuur rondom hulle.

As die Here aan ons die versekering gee van sy krag en bystand deur die werk van die Heilige Gees en die werk van sy Seun, Jesus Christus aan die kruis, dan moet ons besef dat ons nie die lewe alleen tegemoet gaan nie. Ons moet ook bid en vra dat die Here ons eie oë oop sal maak sodat ons kan sien hoedat ons eie probleme en omstandighede ons nie onder kry nie. Ons moet weet dat die Here ons nie alleen laat of in die steek sal laat nie.

Daarom moet ons elke dag met geloofs oë kyk na wat om ons besig is om te gebeur, en op so 'n wyse positief wees oor ons omstandighede. Tydelik mag dit met ons sleg gaan ja. Maar uiteindelik sien ons uit na die tyd wat ons vir ewig in die teenwoordigheid van die Here sal wees en in al sy seëninge vir ewig sal deel.

**Ds. Neville Boy**

**27 Augustus 2017**